# AKADEMIA
STUDENTENUUSBRIEF



## MY AFRIKAANSE
# STUDIETUISTE


## BRIEF VANAF **REDAKTRISE**

**"JY VERGEET NOOIT JOU EERSTE NIE."** *Abia Stander*

Beste lesers

Baie welkom in 2021 vanaf die studente-redaksie. Hierdie jaar is een van Aka-eerstes: die eerste BA-graad en BSc-graad word aangebied – en, natuurlik, die eerste kampusstudente. Te midde van die onsekerheid van ons nuwe normaal sien ons daar is tog genoeg ruimte vir innovasie! Akademia droom groot en doen nog meer. Net so met haar studente.

In hierdie uitgawe van die studentenuusbrief sal jy lees van besonderse studente, spanlede en ŉ personeellid wat Akademia se trots bewerkstellig deur hulle harde werk en kreatiewe denkwyses. Ons sal jou aan ons Studenteraad, netbalspan en nuwe studentesakebestuurder voorstel, sodat jy die Akademia-gemeenskap beter kan leer ken. Dr. Sandra Adendorff sal jou leer hoe om die akademiese jaar reg te begin. En, met behulp van die Studenteraad 2021, sal jou sosiale kalender gevul word.



Hierdie jaar is ŉ jaar van eerstes, van die eerstejaars tot die laastejaars. Of, altans, dit kán wees. Vir my is dit die eerste jaar wat ek ingaan met ŉ "werkstitel": redaktrise van die studentenuusbrief. Dit kan die eerste jaar wees wat jy uiteindelik daai boek lees wat jy nog altyd wou, of daai mooi meisie in jou klas vir haar nommer vra. Jy mag dalk vir die eerste keer waag om ŉ SR-funksie by te woon, of ŉ werk te kry terwyl jy swot. Wat jy ook al doen, daar waar jy potensiaal ontgin, is daar geleentheid vir iets nuuts.

**So, wees dapper in 2021. Vind ŉ geleentheid en gryp dit aan! En – nie indien nie, maar wanneer – jy dit gedoen het, laat weet tog vir ons, sodat jou storie ons ook sal inspireer.**

**CARPE DIEM, LESERS.**

*Vriendelike groete*
Abia

## ONTMOET JOU NUWE **STUDENTESAKEBESTUURDER!**

Hierdie jaar het Akademia ŉ
**SPLINTERNUWE STUDENTESAKEBESTUURDER, DR. DESIREE MULLER.**

Leer haar beter ken. Lees haar onderhoud hier.




## STUDENTERAAD**NUUS**




### BLITSFEITE OOR DIE SR-2021

Die splinternuwe Akademia-studenteraad is al so paar keer aan ons, die studente, voorgestel. Maar wie is hierdie mense werklik? Die Akademia-redaksiespan het onderneem om al die treffendste vrae te stel (soos: "Koffie of tee?") om julle bewus te maak van al die nodige feite.

Klik hier om meer te lees.



**MERK DIE DATUMS!** OPKOMENDE SR-FUNKSIES

## ANDER **STUDENTENUUS**



### SOLIDARITEIT STUDIEFONDSSENTRUM:
STORIES WAT INSPIREER

Die Solidariteit Helpende Hand Studiefondssentrum is ŉ inisiatief wat in 2009 gestig is om armoede te verlig deur die opleiding van behoeftige Afrikaanse studente. Sedertdien het die Studiefondssentrum al meer as 6 300 behoeftige studente met rentevrye studielenings bygestaan.

Lees hulle inspirerende stories hier.



### STUDENTE MET INISIATIEF:
AKADEMIA-STUDENTE INNOVEER

Ten spyte van die negatiwiteit wat tans soos ŉ stormwolk oor ons hang, is daar egter gedrewe, klipkouerstudente wat die silwer randjie in donker wolke raaksien en uitreik na ons gemeenskappe om ŉ daadwerklike verskil te maak.

Lees meer oor hierdie besonderse studente.




### ONTMOET DIE NETBALSPAN

Het jy geweet dat Akademia haar eie aksienetbalspan het?

Lees meer hier.

### EERSTEJAARSKAMP



Akademia se eerstejaarskamp was beslis een vir die boeke. Na ŉ suksesvolle kamp is 94 eerstejaars gereed om die akademiese jaar aan te pak en behoorlik geskiedenis te maak.

Lees die artikel hier.

## **BEGIN** REG

**Wat moet jy in plek sit vir ŉ voorspoedige akademiese jaar?**

Voel dit of die nuwe akademiese jaar soos 'n berg voor jou lê? Dr. Sandra Adendorff het 'n briljante gids geskryf om jou deur die onsekerheid te help.

Lees dit hier.



## KYK UIT!

**STUDENTENUUSBRIEF-MENINGSPEILING**

Hallo, Akademia-student! Die Studentenuusbrief word deur studente vir studente geskryf. Daarom wil die redaksiespan graag hoor waarin jý belangstel. Hou Akademia se sosiale media dop vir ons vinnige, anonieme meningspeiling waaraan jy binnekort kan deelneem. Maak reg om jou sê te sê!

